# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

Julie 2009
Volume 3




**Die volgende** *GrietGriet* **verskyn in November 2009.**
*GrietGriet is also available in English – please e-mail us for an English copy.*


**Fearika Botha in 1982**



**Fearika Heyns vandag**


**Foto van Maer-Grietjie as 'n kleipoppie. Sy bring haar dae deur in die Argiefkamer en kom net uit tydends huisvergaderings en spesiale geleenthede.**

## DIE ONTSTAAN VAN MAER-GRIETJIE

Maer-Grietjie is nog altyd 'n pienk, passievolle dame en is steeds vandag bekend as 'n eerbare trouvrou onder die Tukkies-manne... Maer-Grietjie se unieke identiteit, styl en voorkoms is ontwerp deur Fearika Botha in 1982. Volgens Fearika het Magrietjie se gelukbringer êrens tussen Stilbaai en Pretoria, dalk in die Karoo rond, ontstaan.

Kunsstudente het hulle eie idees gehad (sien eerste 3 prentjies hieronder) en die HK het selfs vir "pink panther" oorweeg. Maar Fearika het volgehou en sê haar eie pogings om die ideale Maer-Grietjie te skep het gewissel tussen "te soet, te jonk, te dom en te parmantig" (sien volgende 4 prentjies). Uiteindelik is Maer-Grietjie gebore (heel regs) en sy lyk lewendig, eiewillig, nie te onskuldig of te preuts nie, bietjie verstrooid maar beslis nie dom nie! En so het Maer-Grietjie se eienskappe deel geword van die naam Magrietjie en so ook al haar meisies.



Fearika Heyns (née Botha) is getroud met Christof Heyns, die Dekaan van die Regsfakulteit aan die Universiteit van Pretoria. Hulle het drie pragtige kinders: Willemien, Adam en Renée. Fearika se oudste dogter, Willemien, nou ook 'n oud-Magrietjie, is in 2008 aangewys as die Kultuur-Magrietjie van die jaar. Duidelik val die appel nie ver van die boom af nie! Fearika is 'n grafiese ontwerper en doen graag omslae van CD-kassies asook plakkate vir kunstenaars, waar ondermeer Nataniël.

## KULTUURAAND BEHAAL 100%

Magrietjie is bekend vir opwindende kultuuraande - sy is nie verniet aangewys as Kultuurkoshuis van die Jaar die afgelope 2 jaar nie! Hierdie jaar doen ons dit weer. Al die kultuuraande het sover meer as 95% behaal en ons beste poging ('n "murder mystery" aand saam met Mopanie) is 'n volle 100% deur die beoordelaars gegee. Die "murder mystery" aand was gebaseer op 'n huwelikstema met 'n uitbeelding van die huweliksbelofte "tot die dood ons skei". Die 'huweliksgaste' moes volgens sekere karakters aantrek en Oscar vertonings gee volgens take wat deur die loop van die aand uitgedeel is. Ander temas vir kultuuraande was Ierse 'pubgholf' asook 'n poker-en-blues-aand. Daar is 'n spesiale herinnering in elke Magrietjie se hart as dit kom by kultuuraande - of dit nou die interessante en eksentrieke uitrustings is, of net die feit dat almal uiters jolig raak binne die eerste paar minute - dit bly altyd spesiale geleenthede wat onthou word. Al die moeite en tyd wat Martmeri Roos (HK Kultuur Intern) in hierdie aande gesit het, het daartoe bygedra om pienk Magrietjie gees te behou en te bevorder vir die jaar.





## IENKATLETIEK

Na 'n suksesvolle oriënteringsweek het die Spikkels Magrietjie se naam weereens hoog gehou by die Ienkatletiek. Magrietjie het die Geesbeker gewen (3de jaar in 'n ry) en het ook 'n algehele 2de plek behaal op die atletiekbyeenkoms (met die dagstudente in 1ste plek). Magrietjie se gejuig het uitgestyg bo al die ander se stemme, veral toe 'n trotse Spikkel besluit het om die 100 meter naellope te HUPPEL, eerder as te hardloop!!



**1ste plek: Geesbeker & 2de plek: Atletiek**

Om 'n energieke aand te kroon, het die HK van Magrietjie die res van die HKs verbaas met 'n eerste plek in die HK aflos. Net nog 'n bewys dat die Magrietjies veelsydige dames is!



**1ste plek: HK aflos**

Hoe wonderlik is dit nie om op sulke kosbare ou fotos af te kom nie (sien hieronder). Hierdie foto is van die 1982 Spikkels (ons dink dit was daardie jaar?). Geen wonder ons wen die Geesbeker so gereeld nie - kyk net met hoeveel oorgawe het ons al 26 jaar gelede gesing! As jy iemand in die foto herken of meer detail oor die geleentheid kan gee - laat weet ons asb!



## JOOLPROJEKTE

Anneke Barkhuizen (HK Joolprojekte) het 'n Saterdag so reg uit 'n sprokiesverhaal gereël! Kroontjies, towerstokkies, pienk tutus, springkastele, televisiesterre, honderde smaaklike Roman's pizzas en... 20 opgewonde gesiggies. Met die vriendelike hulp van oud-Magrietjie Adré Swart, het hierdie dag vir die kindertjies, gediagnoseer met kanker, soos 'n droom ontvou. Hul gesiggies is geverf en elkeen is soos 'n prinsie of prinsessie aangetrek. Daar is ook vir hulle 'n balletklas aangebied deur oud-Magrietjie Donnalee Roberts (7de Laan se Annelie) en selfs die Grote **Granite van Gladiator**-faam (sien foto bo-regs), het saamgedans. Dis darem 'n vervullende gevoel om daar te wees vir kindertjies wat net iemand nodig het om saam met hulle te lag!



Magrietjie het tot op hede meer as R100 000 vir die jaar vir liefdadigheid ingesamel!! As jy ooit die behoefte het om op enige wyse betrokke te raak by ons joolprojekte, stuur asseblief vir ons 'n e-pos (magrietjie@up.ac.za). Dit kan by wyse van donasies, of jou kosbare tyd gedoen word. Elke klein bietjie help ons om dit 'n sonskyndag in minderbevoorregte mense se, dikwels baie kort, lewens te maak.

## SERRIE

Magrietjie het weereens bewys dat sy haar dansskoentjies nog nie opgehang het nie. Die laaaaang aande van Serrie oefen is steeds deel van haar daaglikse fiksheidsprogram. Magrietjie het uiteindelik 3de geëindig in die finaal met slegs 'n persentasiepunt verskil tussen die Top 3 (Klaradyn 1ste en Asterhof 2de). Magrietjie se 'reis om die wêreld' serrie-tema was uiters aansteeklik, energiek en aanskoulik. Die trots en opgewondenheid om bloot deel te wees van so meesterstuk het veel meer vir elke individu beteken as 'n plek in die finale rondte! Dankie aan Sumari Botha (HK Kultuur Ekstern) vir al haar harde werk!



**Serrie: 3de plek in finaal**

## UIT DIE SKATKIS

Nanettte Kritzinger (HK 2002/3) skryf uit Londen: *"Ek moet erken dit is SO lekker om die nuusbriewe van julle af te kry! Veral as dit so lekker koue dag hier in Londen is. Met die nuusbriewe voel dit of ek net gister nog daar was. Alles nog net so great, nog net so lekker, nog net so spesiaal. Go Mags! Altyd my alles vir huis Pienk!*
Red: Dankie Nanette - mag hierdie nuusbrief vandag jou hart warm laat klop!

*"Dis met groot plesier en hoendervleis dat mens so na julle nuwe Magrietjies kyk en die herinneringe van ons ou dae sommer weer voor my geestesoog opdoem. Dis lekker om te sien hoe die Magrietjies bly blom en voorstap. Geluk met 'n pragtige blaadjie."*
(Elsa Harley - née Oosthuizen, Primaria 1988)

*"Ek kry sommer trane in my oë! Hoe fantasties dit is om te sien hoe julle nog steeds LEEF vir daai plek net soos ons geleef het! Alles was pienk en glo my, NOU nog! Elke nou en dan raak ek nostalgies en dan pluk ek my semi-trui oor my kop! Dankie dat julle nog perform en KOOK!"*
(Annerie Marias - née du Plessis, O-Prim & Ienkvoog 2002)

## Het jy geweet?



**Donnalee Roberts speel Annelie in 7de Laan. Sy is 'n oud-Magrietjie en dié foto is geneem toe sy in 2006 aangewys is as Tukkies se Joolkoningin. Lees meer oor Donnalee in die Junie 2009 Finesse-tydskrif.**

**ERRATA**

**In die Maart 2009 nuusbrief is die Sepedi woorde van die nuwe huisliedversie met julle gedeel. Hierdie was egter nie die Sepedi woorde nie, maar wel die Tswana woorde.**

*Red: Baie dankie aan oud-Magrietjie Clara Motlana wat ons reggehelp het!*

**In die Maart uitgawe het die drukkersduiwel ook Magrietjie se 1ste Primaria, Zelda Stone se getroude Van aangedui as De Kok, in plaas van De Kock. Gelukkig het Zelda se Magrietjie-sleep ons vergewe!**

## Onthou jy?



**In die Maart nuusbrief het ons gevra of julle die dames in bogenoemde foto herken. Carla Davis herken vir Lizelle Bessinger, Lillian Terblanche en Marichen Conradie. Elsa Harley, Prim 1988, herken mede-Spikkel Marinda Lubbe met die lang bruin hare. Die ander gesiggies is bekend maar die name ontwyk - dis darem 24 jaar gelede!**
Red: *Dankie Elsa en Carla vir julle terugvoer... en skerp oë en brein!*

**In die volgende *GrietGriet***

- Serenade uitslae
- Ontmoet die nuwe HK
- Meer oor Maxie

**Redaktrise:
Michelle Pretorius**

## MAGRIETJIE KRY 'N NUWE FOYER



Magrietjie se voorportaal het 'n paar jaar gelede 'n nuwe gesig gekry. Van nuwe vloerteëls, beligting, verf asook pasgemaakte gietyster-meubels, lyk dit nou kompleet soos 'n hotel as 'n mens instap. Verskeie kosbare kunswerke van ondermeer Bettie Cilliers Barnard pryk ook teen die mure.

### NUUSFLITS!!

Melanie Cope ('n Magrietjie van 2005-2008) het 'n 1ste plek behaal in die kwalifiserende eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters. Voorwaar 'n uitnemende prestasie!

## KASKENADES HERROEP

Wat onthou jy van jou koshuisjare? Miskien die aand toe jy 'per ongeluk' betrap is met 'n verfkwas in die hand by Boekenhout; die keer toe jy vasgevang was tussen die rooi lig en Sonop; die laataande waar jy en jou 'flatties' met koffie en beskuit die aand verbygesels of -gehuil het; die dag toe jy jou eerste 30% kry en dit vir jou ouers moes vertel; die aand toe jy die man van jou drome ontmoet het, of dalk jou eerste ou gesoen het; die sonopkoms toe julle uiteindelik klaar was met die vlot; of miskien die kere waar jy en jou vriendinne laataand in die eksamentyd impulsief besluit het om die swottings te "skip" en eerder uit te gaan. Die mosaiek-herinneringe van jonkwees, veral van jou koshuisdae, is soos die vlinder-op-die-maag gevoel wat jy kry as jy 'n ou boks vol fotos uithaal en nie heeltemal weet wat jy gaan kry nie. Daardie ou lappop en fotos wat jy uitkrap en afstof laat jou amper vergete herinneringe herleef... Dan onthou jy wie jy was en dit gee jou perspektief op wie jy nou is. Ai, hoe graag wil ons nie deel in jou spesiale herinneringe nie. Ons nooi jou uit om vir ons 'n e-pos te stuur (magrietjie@up.ac.za) en 'n spesiale herinnering met ons te deel - alles sommer net so tussen ons klomp Magrietjie sussies.

## "ADOPT-A-HK"...

Magrietjie se nuwe HK word einde Augustus aangekondig. Saam met die eer van HK wees, gaan ook hope uitgawes aan HK-klere en -benodigdhede. Die grootste uitgawe is HK-baadjies en jaag HK-lede tot R800 per persoon uit die sak! Ons wil graag 'n "adopt-a-HK"-program loods waar ons alumni vra of hulle bereid sal wees om 'n HK-baadjie (R500) te borg. Hierdie baadjie kan dan deur die HK-lid gebruik word vir die jaar, maar bly die eiendom van Magrietjie sodat dit weer volgende jaar vir 'n volgende HK-lid gebruik kan word. As jy bereid is om 'n HK-lid "aan te neem" en R500 te skenk vir 'n HK-baadjie, stuur asb 'n epos aan die huisouers (magrietjie@up.ac.za). Hopelik kan ons binnekort 'n reeks baadjies beskikbaar hê ten einde HK-lede wat dit nie kan bekostig nie, te help. Indien jy dalk 'n ou baadjie (blou "blazer") in jou kas het wat jy nie gebruik nie, sal ons dit baie waardeer as jy bereid sal wees om dit te skenk vir gebruik in Magrietjie. Ons hoor graag van julle!

## TOTSIENS VAN DIE PRIMARIA



Soos die 2009 HK-jaar tot 'n einde kom, wil ek graag die geleentheid gebruik om vir elke oud-Magrietjie dankie te sê vir die deurlopende ondersteuning as alumni-familie. Dit was vir my 'n ongelooflike ervaring om deel te wees van die Huiskomitee van Magrietjie vir 2 jaar en ek is baie trots op my HK-span en al die Magrietjies vir wat ons bereik het in hierdie jaar. Wanneer die volgende nuusbrief in November verskyn, sal die nuwe Primaria en haar span aan julle bekendgestel word. Ek groet julle met Magrietjie liefde en onthou "een keer 'n pienk meisie, altyd 'n pienk meisie!"
Laila Ncwana

## VAN DIE REDAKTRISE...



Ek kan nie glo dat my voorreg om met die alumni te gesels aan 'n einde gekom het nie. Hierdie wonderlike taak word in September aan die nuwe redaktrise oorhandig. Dankie dat julle saamgelees het en gedeel het in Magrietjie se prestasies! Ek groet julle as 'n Magrietjie, maar kan nie wag om as oud-Magrietjie die volgende nuusbrief saam met julle te lees nie. Ek wens aan elke pragtige Magrietjie-dame net wonderlike pienk gedagtes toe!

**Tot "saamleestyd" in *GrietGriet* November 2009...**